One of these initiatives was the *South-to-South* partnership - a comprehensive paediatric HIV care and treatment programme, aimed at health workers from African countries. The project is funded by the United States Agency for International Development (USAID).

At the launch of the South-to-South project were, from the left in front, Prof Marietjie de Villiers, deputy dean of Education and Prof Mark Cotton, S2S director. From the left, at the back: Prof Elaine Abrams of Columbia University, Dr Helena Rabie, executive director of S2S and Dr Liezl Smit, manager of the project.

The reason why such large numbers of children in Africa are infected with HIV and why so many of them die of Aids every day, is mainly because few countries in the region have been able to prioritise the treatment of children, says Prof Mark Cotton, head of paediatric infectious diseases and director of the KID-CRU research unit in SU's department of Paediatrics and Child Health.

"It is estimated that only 10% of children who require antiretroviral treatment are currently being treated, mainly because of the lack of trained health care workers, the overwhelming impact of the pandemic and the complexity of treating HIV-infected children."

Through their research and involvement in the treatment of peadiatric HIV for more than a decade, Cotton and his team are at the forefront of ART initiatives in Africa and South Africa. In 2006, they launched the *South-to-South* programme with the specific aim of transforming HIV/Aids treatment theory into practice for African health care professionals, and to enhance and develop the technical and practical skills that they need to successfully initiate and implement comprehensive HIV/Aids services, using a family-focused model of care.

Although the programme was only launched towards the end of 2006, the *South-to-South* team have already trained groups of eight to ten health care professionals from rural areas in the Eastern and Western Cape and from Mozambique, Ethiopia, Nigeria and others.

Various groups are due to receive training in 2008– including groups from Tanzania, Rwanda and Zambia and other African countries. The programme manager, Dr Liezl Smit, says training is provided by HIV experts from the SU Department of Paediatrics and Child Health, the pharmacy and social work department at Tygerberg Hospital as well as experts from Groote Schuur and the Red Cross Children's Hospital. KID-CRU has also established a community-based training site in Khayelitsha near Cape Town in 2007.

The training comprises theoretical work, focused on key aspects of the care and treatment of babies, children and adolescents with HIV/Aids, as well as practical experience in the paediatric HIV clinic at TBH. In 2006, professional staff of KID-CRU also trained nurses in the basic management of HIV; Sothemba counsellors on adherence issues regarding children with HIV and various other training and outreach initiatives in the Eastern Cape.

***South-to-South ICAP International* conference**

Representatives from various African countries and the United States attended a South-to-South training conference held in Durbanville, Cape Town, in 2007. From the left are Neena Phillip (USA), Bazghina Semo (Tanzania), Aziz Abdallah (Tanzania), Eric Lugada (Nigeria), Elaine Abrahams (USA), Fatima Tsiouris (USA) and Liezl Smith, S2S programme manager.

PENNEVRUGTE UIT DIE FAKULTEIT

Akademici uit die Fakulteit Gesondheidswetenskappe was oor die afgelope jaar betrokke by die publikasie van handleidings wat elk 'n besondere bydrae tot 'n betrokke vakgebied lewer. Benewens die handboeke, het prof Piet Oosthuizen van die Departement Psigiatrie ook vir die lekeleser 'n boek oor depressie geskryf wat uit die staanspoor landwyd aandag getrek het en die onderwerp van bespreking was in radioprogramme en in koerant- en tydskrifartikels.

VIR DIE LEKELESER

Piet Oosthuizen:
Ontsnap van Depressie (Tafelberg, ©2007)

"Daar is min siektes bekend aan die mensdom wat so misverstaan, verkeerd gediagnoseer, gestigmatiseer en misken word as depressie," skryf Oosthuizen in sy inleiding tot hierdie boek. "Dit is inderdaad so dat baie mense (waaronder sommige medici) se opvattings oor depressie nie veel gevorder het van die Middeleeue af nie."

Hy wys daarop dat depressie reeds in 1990 in die *Global Burden of Disease*-studie geïdentifiseer is as die vierde belangrikste bydraer tot die wêreld se siektelas, "en die voorspelling is dat dit teen 2020, naas hartsiekte, die grootste oorsaak van siektelas in die wêreld gaan wees." Dit was ook in 1990 reeds die grootste oorsaak van ongeskiktheid (oftewel *disability*) by mense ouer as vyf jaar. In Suid-Afrika is neuropsigiatriese toestande trouens reeds saam met MIV/Vigs, die grootste oorsaak van ongeskiktheid."

Op die kliniese vlak besef psigiaters soos Oosthuizen toenemend dat onbehandelde depressie net erger word en selfs breinbeskadiging kan veroorsaak. En net soos hartsiektes 'n risikofaktor is vir depressie, is depressie 'n groot risikofaktor vir hartsiektes. Hy sê algemene praktisyns behoort daarop te let dat baie mense wat met onverklaarbare fisiese simptome presenteer, in werklikheid aan depressie ly. "Die dokter moet derhalwe soek vir depressie in sulke mense."

Teen hierdie agtergrond het Oosthuizen en sy uitgewers besef dat daar 'n groot behoefte in Suid-Afrika is aan 'n gesaghebbende gids vir die lekeleser oor die simptome, oorsake en uitwerking van depressie. "Die enigste inligting oor die onderwerp is 20 jaar oud en dit is nie deur mediese kundiges geskryf nie."

Die inligting in die boek is dan ook streng gebaseer op bewysgebaseerde geneeskunde, en fokus op die jongste navorsing oor die toestand sowel as die behandeling daarvan en maniere om dit te beheer en uiteindelik te oorkom. Dit is in toeganklike taal en 'n gemaklike styl geskryf en dit neem alle aspekte van die siekte onder die loep – onder meer depressie en geslag; depressie by kinders en adolessente en by ouer mense, seisoenale depressie en die effek van lig, en die rol van depressie in ander siektes.

In die hoofstukke oor die behandeling van die siekte, beklemtoon Oosthuizen medikasie as een van die hoekstene van die behandeling van gemoedsiektes en hy verduidelik in gemaklike leke-taal die gebruik van anti-depressante, kalmeermiddels en gemoedstabiliseerders. Hy beskryf ook die gebruik van psigoterapie en stroop elektrokonvulsiewe behandeling van mites en bangmaakstories. Terselfdertyd fokus hy die soeklig op die aktiewe deelname van die pasiënt in die hantering van die siekte – onder meer deur leefstylaanpassings, oefening, slaap en dieet. "Selfmoord is 'n tragiese maar voorkombare probleem. Dit is gewoonlik die gevolg van 'n siektetoestand soos depressie en daarom behandelbaar. Die vroeë herkenning en behandeling van psigiatriese siektes is van groot belang om die stille pandemie te stuit," skryf hy.

Oosthuizen beklemtoon deurgaans dat depressie – en ander gemoedsiektes – 'n mediese probleem is en soos enige ander siekte en behandeling moet op die gebied van die geneeskunde gesoek word. Hy sê te veel mense het 'n eiertjie te lê oor hoekom 'n persoon kwansuis bedruk is en hoe dit behandel behoort te word – en dit terwyl die brein 'n veel komplekser orgaan as bv die hart of uterus is. "As iemand wil kommentaar lewer oor gemoedsiektes (trouens, oor enige siekte) moet hy sy kwalifikasies uithaal en wys. 'n Wyse man praat met groot omsigtigheid oor dinge waarvan hy min weet. Diegene wat sulke sterk menings huldig dat depressie nie werklik 'n siekte is nie, praat deur hul nek en hoort in die span wat dink Elvis verkoop nou tweedehandse motors en dat die aarde plat is."

Ontsnap van Depressie is by boekwinkels dwarsdeur die land beskikbaar.

Male Infertility – Diagnosis and treatment



The editors of this comprehensive handbook were Prof Sergio Oehninger of the Jones Institute for Reproductive Medicine, Eastern Virginia Medical School, and Prof Thinus Kruger, head of Obstetrics and Gynaecology at Stellenbosch University and head of the Tygerberg/Stellenbosch Reproductive Biology Unit. It provides a comprehensive, in-depth overview of the diagnosis and treatment of male infertility. Members of the Stellenbosch/Tygerberg Unit, who are internationally acknowledged experts in the field, contributed several chapters to the book, particularly with regard to sperm physiology and pathology, as well as the diagnosis of male infertility.

Handbook of Family Medicine and the SA Family Practice Manual

A second edition of the imposing *Handbook of Family Medicine* was also published in 2006. The first edition of the textbook - edited by Prof Bob Mash of Family Medicine and Primary Care - was published in 2000. Aimed at undergraduates from their second year and widely used throughout the duration of their studies, the *Handbook of Family Medicine* is a prescribed standard text book at all eight SA medical schools. Although it was written for undergraduates, the textbook is also used by postgraduates at entry level, especially students who did not study in SA. It is thus widely used by postgraduate students in the sub-Saharan countries.

The textbook was commissioned by the Family Medicine Education Consortium (FaMEC), which comprises representatives from the country's eight medical schools. Seven of these schools were involved as co-authors of the book.

Additions to the book include new sections on chronic and palliative care, communication skills, family assessment, and critical appraisal of relevant research. Recent changes in government policies regarding the emphasis on primary health care, the dispensing doctor and practice management were also incorporated, as well as updated case studies based on real life experiences.

Mash was also the editor of a second textbook on family medicine, namely the *SA Family Practice Manual*. This manual comprises 162 chapters and was compiled on behalf of the SA Academy of Family Practice (see p. 29)

Nursing Practice: Medical-surgical nursing for hospital and community

This is the first international textbook written by South African nurses for the African market.

The task of compiling an African edition of the international nursing textbook fell to Dr Ethelwynn Stellenberg of the Nursing division in the FHS. She was asked by the Elsevier publishing house some two years ago to convert a UK textbook to address diseases, conditions and cultural practices in Africa. Stellenberg asked Prof Judith Bruce, head of Nursing at the University of the Witwatersrand, to help her with the project. As co-editors, they consulted with nursing departments at other South African Universities, as well as the private sector to get specialist inputs from the various areas of nursing. The result was an imposing textbook, comprising 37 chapters that can serve as a 'bible' for nursing students from their first to their third year of training.



See right through me: An imaging anatomy atlas



This stunning handbook of radiological images of the human anatomy was the brain-child of Prof Savvas Andronikou of the Radiodiagnosis division of the SU Department of Medical Imaging and Clinical Oncology. Sponsored by the Radiological Society of SA, the book is locally produced and locally relevant, using modern, state of the art imaging to provide a 'geographical atlas' of the human body in the form of radiological images, produced by a range of imaging modalities. Registrars and consultants from Radiology departments from across South Africa contributed to the book which will be provided free of charge to all new Radiology registrars in the country. Andronikou and co-authors Nicky Wieselthaler and Tracy Kilborn – both paediatric radiologists at the Red Cross Children's Hospital – included a unique section on paediatric radiology. Andronikou points out that most imaging atlases are outdated and he and his co-authors wanted to ensure that new registrars in South Africa have free access to the latest and most relevant material in their field of study. Free copies of the book were given to all delegates attending the first international Radiology conference held in South Africa in 2006.

Vorm en funksie in REKONSTRUKTIEWE CHIRURGIE

Met sy aanstelling as die nuwe hoof van Plastiese en Rekonstruktiewe Chirurgie aan die US se Fakulteit Gesondheidswetenskappe en Tygerberghospitaal, het prof Frank Graewe in 2006 die sirkelroete voltooi wat hom uit Duitsland na Suid-Afrika gelei het om sy MBChB-graad hier te doen, en hom toe met etlike kronkelpaaie teruggeneem het na Duitsland en ander dele van die wêreld – net om weer met 'n Kaapse draai op die Tygerbergkampus te eindig.

Prof Frank Graewe het vir die eerste keer met Suid-Afrika kennis gemaak kort nadat hy sy matriekstudies in Duitsland voltooi het.

Dit was in die eerste plek die land en die sonskyn wat sy hart gesteel het, maar 'n besoek aan 'n vriend van hom - wat destyds sy diensplig by 'n Suid-Afrikaanse hospitaal kom doen het – het aanleiding gegee tot 'n verreikende loopbaanbesluit van die jong Frank Graewe. "My vriend het my vertel hoe goed mediese opleiding in Suid-Afrika is en dit het my uiteindelik laat besluit om my studies in Suid-Afrika, eerder as Duitsland, voort te sit. So het dit toe gekom dat ek aansoek gedoen het vir toelating tot die MBChB-kursus by een van die plaaslike universiteite, en hoe dit gebeur het dat ek my voorgraadse studies aan die Universiteit Pretoria voltooi het."

Dit was die begin van 'n lang verbintenis met Suid-Afrika.

Na afloop van sy huisdokterjaar in KwaZulu-Natal het Graewe se voete hul pad Kaap toe gevind en die Universiteit Stellenbosch en Tygerberghospitaal het gou 'n tweede tuiste geword. Dit was ook hier waar hy sy spesialis-opleiding onder die leiding van prof Bennie Zeeman, voormalige hoof van Plastiese en Rekonstruktiewe Chirurgie – voltooi het.

"Met die hulp van prof Zeeman het ek daarna 'n genootskap in kraniofasiale chirurgie by die bekende dr Daniël Marchac in Frankryk begin doen, en by dr Francoise Firmin, destydse president van die Franse plastiese chirurge. Vandaar het ek na München in Duitsland verhuis en by die eweneens-bekende prof Mühlbauer gewerk en onder sy leiding, my verdere opleiding in kraniofasiale chirurgie gedoen".

Sedertdien het Graewe ook 'n genootskap (fellowship) ontvang om saam met 'n wêreldkenner op die gebied van kraniofasiale chirurgie en veral die rekonstruksie van gesplete verhemeltes, dr Ken Salyer, in Dallas, Amerika te werk.

Terug in Duitsland, het hy oor 'n tydperk van twee jaar 'n besige privaatpraktyk as plastiese chirurg in München gevestig. Hy het hierdie praktyk net stewig staangemaak toe US hom gevra het om aansoek te doen vir die pos as afdelingshoof van Plastiese en Rekonstruktiewe Chirurgie, wat vakant gelaat is met Zeeman se aftrede.

Graewe vertel dat hy lank oor die aanbod nagedink het, veral omdat die pos groot uitdagings bied en dit moeilik sou

Rekonstruksie van die oor
Volledige of gedeeltelike rekonstruksie van die oor met kraakbeen van die rib is tussen 2006 en 2007 op tien pasiënte by Tygerberg gedoen.

wees om 'n florerende praktyk agter te laat. Sedert hy egter die aanbod aanvaar en teruggekeer het na Tygerberg, vind Graewe dat sy pasiënte in Duitsland geredelik na Suid-Afrika kom en dat hy die kosmetiese operasies wat hy dàár vir hulle sou doen, nou in Suid-Afrika doen. "Vir die pasiënte beteken dit dat hulle kosmetiese chirurgie met 'n vakansie in Suid-Afrika kan kombineer".

'n Groot deel van die werk wat Graewe in privaatpraktyk gedoen het, het kosmetiese chirurgie behels, maar hy beskou rekonstruktiewe, en veral kraniofasiale chirurgie as 'n verdere spesialiteit. Hy en sy span doen gereelde rekonstruksies by Tygerberghospitaal, veral as gevolg van tumore, aangebore letsels, skietwonde en motorongelukke, en hulle sit die werk voort wat prof Zeeman en sy span gedoen het op die gebied van kraniofasiale chirurgie – veral geboorte-afwykings soos skedelmisvorming en gesplete verhemeltes.

"Een van die belangrikste ontwikkelings in die afgelope tyd is ons hantering van borsrekonstruksie ná 'n mastektomie vir borskanker. In die eerste plek word borsrekonstruksie tans vir alle kankerpasiënte by Tygerberghospitaal aangebied en die meeste doen dit. Anders as in die verlede, word daar ook nie meer gewag met borsrekonstruksie nie, maar word dit direk na afloop van die mastektomie, gedoen. Dit beteken dat die kankerchirurg die mastektomie afhandel en die plastiese chirurg neem dan by hom oor en doen die borsrekonstruksie. Ons gebruik ook nuwe en beter flappe wat oor die afgelope paar jaar ontwikkel is. Dit bestaan net uit vel, vet en bloedvate en nie meer spierweefsel nie."

Tussendeur doen Graewe en sy span ook plastiese chirurgie vir die hantering van velkankers, brandwonde, gesigtrauma en 'n bietjie handchirurgie.

Hy wys daarop dat rekonstruktiewe chirurgie vorm sowel as funksie behels.

"Wanneer 'n persoon 'n vorm het wat afwyk van die norm, word so 'n persoon 'n teiken vir die samelewing. Dit is ons taak om sy of haar 'vorm' sover as moontlik te normaliseer sodat die persoon met vertroue in die samelewing kan funksioneer."

Hoewel die grootste deel van hulle taak in die Fakulteit en by Tygerberg rekonstruktiewe chirurgie behels, kry Graewe se kliniese assistente ook toenemend blootstelling aan die private sektor waar hulle 'n aantal kosmetiese operasies per jaar doen as deel van die opleiding in Plastiese Chirurgie.

Intussen bly Plastiese en Rekonstruktiewe Chirurgie een van die gewilde dissiplines in die FGW. Behalwe vir 'n groot aanvraag na kliniese poste in die afdeling, is dit ook een van die gewildste dissiplines onder elektiewe studente. Graewe en sy span hoop om binnekort ook uit te reik na perifere hospitale waar hulle een of twee keer per maand klinieke sal aanbied.

Hoewel Graewe eers in 2006 sy pos by die Fakulteit opgeneem het, het hy en sy afdeling reeds vanjaar hul eerste Suid-Afrikaanse Plastiese Chirurgie-kongres gereël.

Op 'n vraag oor sy goeie beheer van Afrikaans, sê Graewe dat hy dit nie net aan sy lang verblyf in die land te danke het nie, maar ook omdat sy eggenote, Juanita, Afrikaanssprekend is. Dit was trouens een van die faktore wat dit vir hom makliker gemaak het om die penne in München op te trek, en na Suid-Afrika terug te keer.

Foto's verskaf deur prof Graewe

REKONSTRUKTIEWE CHIRURGIE BY TYGERBERGHOSPITAAL

***Foto's bo**: Rekonstruktiewe - en veral kraniofasiale chirurgie - is een van Graewe se spesialiteitsrigtings. Op die foto's bo is 'n pasiënt wie se ken herbou is om 'n kongenitale afwyking te herstel.*

***Foto's links:** Danksy nuwe ontwikkelings, word borsrekonstruksies op pasiënte wat mastektomies ondergaan het, tans gedoen terwyl die pasiënt nog in die teater is nadat die mastektomie gedoen is. Graewe en sy span gebruik ook nuwe en beter flappe wat oor die afgelope paar jaar ontwikkel is. Die foto's toon die resultate wat behaal word met die nuwe tegniek wat bekend staan as DIEP - oftewel 'deep inferior epigastric artery perforator flap'.*



André Nel and the SCIENCE OF SMALL THINGS

As "one of the most brilliant students to emerge from Stellenbosch University", it seems entirely appropriate that the former medical student and clinical researcher, Prof André Nel, has established himself in the United States as a trail-blazer in the field of nanomedicine – an emerging new discipline that promises to bring revolutionary advances to medical diagnosis and treatment.

Nel – who is described by the dean of the former Faculty of Medicine, Prof Jan Lochner, as one of the Faculty's most brilliant alumni – was recently appointed head of the newly established division for nanomedicine at the University of California, Los Angeles (UCLA) School of Medicine. A major mission of this new division is to educate and train physicians in the principles and application of nanoscience and nanotechnology in medicine.

After completing his MBChB-degree at the SU Faculty of Medicine in 1975 and a doctorate in Medicine in 1987, Nel did post-doctorate research at the Medical University of South Carolina between 1983 and 1985. In 1988, he joined UCLA to do clinical immunology and allergy training. Today he is a tenured professor and practicing allergist/immunologist at the University. He also runs the Cellular Immunology Activation Laboratory in the Johnson Cancer Centre at UCLA. As a keen researcher, his chief interests include nanomedicine and nanobiology, including the relationship between nanomaterial properties and their possible adverse interactions with biological systems. One of his particular areas of interest is the role of air pollutants in asthma, with emphasis on the role of oxidative stress in the generation of airway inflammation and airway hyper reactivity, as well as the role of oxidative stress in immune senescence. He is the principal investigator of the Asthma and Immunology Disease Center, co-director of the Southern California Particle Center and director of the University of California Nanotoxicology Research and Training program. He served as Chair of the Allergy Immunology Transplant Research Committee at the NIAID and is Chair of the Air Pollution Committee in the AAAAI.

The science of miniaturisation

Nel explains that nanoscience and nanotechnology emerged as a new scientific field in the 1980's and has since then enabled the development of a new generation of scientific and technological approaches, as well as new research and clinical tools and devices. In essence, this field – that encompasses a wide range of disci-

plines - focuses on techniques executed on a nanoscale, that is one billionth of a metre. In medicine, this means nanotechnological operations that are carried out in the human body to treat illnesses and injuries. "This science is widely regarded as the new industrial revolution and it is expected to have a major impact on the biological sciences and on medicine," says Nel.

The long-term aim of the new division that he heads, is to establish new paradigms for the diagnosis and treatment of illnesses that are currently not possible with existing technologies.

However, as head of a main campus programme of UCLA, which is responsible for the safe implementation of nanotechnology in the state of California, Nel is acutely aware of the potential adverse effects of nanomaterials on human health and the environment – and he has established himself as one of the leading experts in this field – known as nanotoxicology. His laboratory has developed a testing method to help manufacturers monitor and test the safety and health risks of engineered nanomaterials and in 2006 he published a groundbreaking review article in the journal, Science, on the potential toxic effects of nanomaterials and the urgent need for developing safety testing.

"There is currently no existing system to measure toxicity of nanomaterials, but our techniques can be used to measure damage done by the oxidative properties of the nanoparticles," he says.

Diseases induced by air pollutant particles

Apart from his work in the field of nanomedicine, Nel is also involved in various other studies – particularly in the field of pollution – that generated worldwide interest in medical and scientific communities.

His laboratory was the first to link diesel exhaust to atherosclerosis, or hardening of the arteries, which significantly increases the risk for heart attack and stroke. The study explains how fine particles in air pollution conspire with artery-clogging fats to switch on the genes that cause blood vessel inflammation and lead to cardiovascular disease.

"When you add one plus one, it normally totals two," Nel says, "but we found that adding diesel particles to cholesterol fats equals three. Their combination creates a dangerous synergy that wreaks cardiovascular havoc far beyond what's caused by the diesel or cholesterol alone".

In 2003, he also published a study that showed, for the first time, that diesel exhaust particles alone may be enough to induce acute asthma flares. A new testing method in an animal model helped Nel and his team to better isolate the effects of diesel exhaust particles – a component of air pollution - on asthma.

"Previously, we thought that air pollution alone was not enough to incite acute asthma attacks, but also required the presence of allergens such as pollen or house dust mites to establish airway inflammation and allergic responses in the airways," he said at the time. "However, this new experimental study shows that we need to pay closer attention to the intrinsic abilities of the air pollutant particles to induce asthma."

Nel and his family live in Los Angeles, a city known for its high levels of pollution. He is married to Margaret Gardiner, the only South African to have won the Miss Universe contest.

The couple met at a social function on the Tygerberg Campus in the late 1970's. While his career went from strength to strength at UCLA, Margaret established herself as a free-lance journalist in the field on entertainment and has subsequently been elected as a member of the Foreign Press Association. The couple has a son, Brandon, who is an avid scholar, great debater and good sportsman.

Jo Barnes -

Vrou aan die voorpunt

In September vanjaar het die SA regering die Orde van die Disa aan dr Jo Barnes toegeken vir haar navorsing op die besoedelde waterbronne en riviere wat deur woongebiede in die Wes-Kaap vloei. Sy is vir etlike jare reeds aan die voorpunt van navorsing oor die besoedeling van riviere en waterbronne.

Dit was tweede toekenning wat sy in 2007 ontvang het vir haar werk op hierdie terrein. Sy is ook deur die Departement Waterwese en Bosbou en Eskom as 'Vrou van die Jaar' aangewys in die kategorie Vroue in Waterwese, Sanitasie en Bosbou (Onderrig en Bewusmaking) - spesifiek omdat haar werk so 'n merkbare verskil gemaak het in geaffekteerde gemeenskappe - onder meer deur werkskepping en opleidingsgeleenthede.

Dr Barnes vertel dat sy getref was deur die hoë voorkoms van kindersterftes as gevolg van die siektes wat deur besoedeling veroorsaak word, veral in informele woongebiede. Sy het derhalwe 'n paar jaar gelede begin om haar navorsing toe te spits op die besoedeling in die waterbronne en riviere wat deur hierdie woongebiede vloei. Haar navorsing het in 2003 in Kayamandi buite Stellenbosch begin en het sedertdien uitgebrei na ander woongebiede rondom Kaapstad.

’n Leeftyd in die diens van boeke



Steven Fredericks (in die middel) se kinders Julian Fredericks (links) en Lydia Meyer (regs) voel net so tuis tussen die boeke soos hul pa.

Enige dosent of student wat oor die afgelope 35 jaar iewers langs die pad ’n boek of ’n artikel in die US se Gesondheidswetenskappebiblioteek loop soek het, het waarskynlik ’n geheuehokkie waarin Steven Fredericks stewig staangemaak is.

Dié groot, vriendelike man se verbintenis met die biblioteek is op sigself ’n blokkie in die groter legkaart van Fakulteitsgeskiedenis. Dit strek terug tot 14 Februarie 1972 toe hy as ‘biblioteekhulp’ by die Fakulteitsbiblioteek op die destydse Karl Bremerkampus aangemeld het – en só die eerste spore in die biblioteekwese getrap het waarin twee van sy kinders later sou volg.

Steven vertel dat hy by die Chryslerfabriek werksaam was vòòr hy die pos by die nuwe bibliotekie by Karl Bremerhospitaal aanvaar het. In dié dae het hy net ’n st 8-sertifikaat gehad, maar hy is so geïnspireer en gemotiveer deur die studente wat in die biblioteek kom studeer het, dat hy besluit het om self ook skouer aan die wiel te sit en matriek te skryf. So het dit gekom dat Steven hom in 1985 by die Suksesskollege ingeskryf - en twee jaar later sy matriek behaal het. Hy was op daardie stadium reeds die pa van ’n gesin.

Sy sukses op matriekvlak het Steven aangespoor om sy akademiese visier hoër te stel en met die aanmoediging van die destydse hoof van die biblioteek, Matthew Syphus, het hy by Universiteit Wes-Kaapland geregistreer vir die laer diploma in Biblioteekkunde.

Steven het die kursus deeltyds aangepak en hy moes aand na aand – ná ’n volle dag se werk – na UWK ry om lesings by te woon. Hy het nietemin sy studies so goed bemeester dat een van sy dosente, prof Isabel Cilliers, hom aangeraai het om sy kursus te verleng en vir die vierjaar BBibl.-graad in te skryf.

Hy vertel dat sy hoofde in dié tyd baie ondersteunend en tegemoetkomend was. In sy finale jaar moes hy bv in die dag klas bywoon en in die aande gaan werk. Hy het egter vasgebyt en in 1994 het hy, op die ouderdom van 47, sy graad behaal.

Hy is deur die jare bevorder van biblioteekhulp tot senior bode; van hoofbode tot hoofassistent en van junior bibliotekaris tot bibliotekaris. Vandag is hy senior bibliotekaris en adjunkhoof van die biblioteek.

Deur dit alles heen het die biblioteekgogga ook twee van sy kinders gebyt. Sy dogter, Lydia Meyer, het haar graad in Biblioteekkunde aan die Universiteit Stellenbosch voltooi en is tans werksaam by die US se Bestuurskool. In Januarie 2003 is sy jongste seun, Julian Fredericks, aangestel as biblioteekassistent in die Gesondheidswetenskappebiblioteek, wat 1973 na die nuwe Tygerbergkampus verskuif het.

Steven vertel dat die akademiese pad wat hy vir homself in die biblioteekwese oopgekap het, nie altyd sonder probleme en struikelblokke was nie, maar dat hy kon volhard met die aanmoediging van sy familie en kollegas. Boonop het hy nog altyd geglo dat ’n mens dit wat jy aanpak, moet voltooi en hy het uit die staanspoor groot vreugde geput uit die werk wat hy doen. “Ek hou daarvan om soggens op te staan en werk toe te gaan,” vertel hy. “Ek hou van my werksomgewing en ek hou van die studente.”

Die veranderings wat oor die jare op die kampus en in die biblioteekwese plaasgevind het was ook vir hom interessant en stimulerend – veral met die koms van die elektroniese revolusie en die rekenarisering van die biblioteek. Die transformasie van die student van gister tot vandag bly steeds vir hom fassinerend. “Die studente wat ons vandag in die biblioteek sien, is gemakliker en minder formeel as destyds toe ek begin het en die gemak waarmee hulle met die nuwe elektroniese hulpbronne omgaan is steeds vir my ’n bron van verwondering.”

Steven sê hy hoop om tot op die ouderdom van 65 aan te bly in die biblioteek wat 35 jaar gelede vir hom ’n tweede tuiste geword het. “As ’n mens graag lees, soos ek, en jy is ’n rustige mens, dan pas jy in ’n biblioteekomgewing.”

Steven Fredericks het oor 35 jaar as mens en bibliotekaris saam met die Gesondheidswetenskappebiblioteek op die Tygerbergkampus gegroei.

IN MEMORIAM

Over the past 18 months, the SU Faculty of Health Sciences has lost not only members of staff who were still in the service of the Faculty, but also well-known former academics and one of our bright young students. We remember them with sadness and compassion, but also with appreciation for their contributions to this institution and Medicine in general.

Prof Attie de Kock

The celebrated internist and former head of Internal Medicine in the FHS, Prof Attie de Kock (78) died in Paarl in June 2006.

Prof De Kock was a South African pioneer and world-renowned expert on diseases of the lungs and wrote a number of books on the subject. As head of Internal Medicine at the US and Tygerberg Hospital, he treated a number of heads of State, amongst them Mr John Vorster, Mr PW Botha, Mr FW de Klerk and Mr Nelson Mandela, when he contracted tuberculosis as a prisoner on Robben Island.

De Kock, an excellent teacher and researcher, completed his medical degree at the University of Pretoria and his specialist training at Karl Bremer Hospital. He also completed a doctor's degree in San Francisco in the United States. He spent his retirement on the West Coast. De Kock is survived by a son, two daughters and six grandchildren.

Dr Abrie Schmidt,

one of the foremost andrologist in South Africa and a member of the Urology division, died in a car accident between Aberdeen and Beaufort West on 7 July 2006. Dr Schmidt completed his medical studies at the US and since his appointment as clinical assistant and in 1985 as consultant in Urology, he has made an enormous contribution with regard to clinical service, teaching and research. He was in charge of the kidney transplant programme at Tygerberg, in cooperation with Nephrology, handled all dialysis procedures, family transplants and surgical complications in kidney transplant patients. However, his main interest was andrology, specifically erectile disfunction and infertility. He was an executive member of the International Society of Sexual Medicine (ISSM), president of the African Society for Impotence Research (ASIR) and a member of the Pan African Urological Surgeon's Association and the American Urological Association. He is survived by his wife, Lyn and two children.

Prof Manie Breytenbach is op 19 Oktober 2006 in die Strand, nà 'n lang stryd teen kanker oorlede. Hy het hy hom destyds by die nuutgestigte Fakulteit Tandheelkunde van die Universiteit Stellenbosch aangesluit as die eerste hoof van Maksillofasiale- en Orale Chirurgie. In Julie 1974 is hy aangestel as die eerste dekaan van die nuwe Fakulteit Tandheelkunde aan die Universiteit van die Wes-Kaap. Hy het hierdie pos vir vyf jaar beklee voor hy teruggekeer het na Stellenbosch as die eerste professor in Diagnostiek en Kliniese Tandheelkunde – 'n pos wat hy gevul het tot en met sy aftrede in 1993. Hy het egter vir baie jare nà sy aftrede steeds in 'n deeltydse hoedanigheid, onderrig by die US gegee. Manie en Wonnie, sy vrou en metgesel vir meer as 'n halfeeu, het enkele jare gelede na 'n aftree-oord in die Strand verhuis.

Prof Andries van Zyl, eerste hoof van die Departement Farmakologie, is op 2 Augustus 2006 in Kaapstad oorlede. Hy was as dosent aan die universiteite van die Witwatersrand en Kaapstad verbonde vòòr hy in 1965 as hoof van Farmakologie aangestel is. Sy navorsing op Afrikanerbeeste met 'n genetiese kropgeswel het soos 'n speurverhaal gelees. Deur sy inisiatief is 'n kudde van die beeste na die Elsenburg proefplaas verskuif en honderde ure se navorsing is gedoen om die fundamentele genetiese letsel te ontbloot. Die geheim is uiteindelik ontrafel en internasionaal gepubliseer. Andries was nie net bekend as voortreflike navorser nie, maar ook as iemand met 'n groot liefde vir die digkuns en sy kollegas onthou die tientalle staaltjies wat hy in 'n tipiese Swartlandse brei vertel het. Hy word oorleef deur sy eggenote, Fenetta, vier kinders en kleinkinders.

Prof Hellmuth Weich,

professor in Kardiologie en eerstydse hoof van die harteenheid van Tygerberghospitaal, is op 14 April 2007 oorlede. Hy het homself aanvanklik as ingenieur aan die Universiteit Stellenbosch bekwaam, vòòr sy lewenspad na medisyne gedraai het. Na die voltooiing van sy mediese graad aan die Universiteit Pretoria, het hy hom aangesluit by die personeel van Karl Bremerhospitaal waar hy onder die leiding van professor Andries Brink opgelei is as kliniese assistent in interne geneeskunde. Sy opleiding as kardioloog het begin in 1973, die jaar waarin die opleidingshospitaal van die Universiteit Stellenbosch verskuif het van die Karl Bremerhospitaal na Tygerberghospitaal.

From p. 43 -

Weich en sy gesin het in 1975 na die Johns Hopkins Hospitaal in Baltimore, VSA vertrek om verdere opleiding in kardiologie te ondergaan onder leiding van Dick Ross. Kort na sy terugkeer in 1976 voltooi hy sy doktorsgraad in kardiologie. Sy aanstelling as hoof van die harteenheid van Tygerberg Hospitaal in 1979 en as Professor in kardiologie aan die Universiteit van Stellenbosh in 1981 het 'n era ingelei wat oor 17 jaar gestrek het en die Weich-naam sinoniem gemaak het met die harteenheid by Tygerberghospitaal. Hy was vir twee termyne president van die destydse Suider-Afrikaanse Hartvereniging (*Cardiac Society of Southern Africa*), vandag bekend as die Suid-Afrikaanse Hartvereniging (*South African Heart Association*).

Sy aftrede by die Universiteit van Stellenbosh en Tygerberg Hospitaal in 1996 was nie die einde van sy professionele loopbaan nie. Ten spyte van 'n lewensdreigende niertumor wat in dieselfde jaar nog by hom gediagnoseer is, het Helmuth steeds voortgegaan om in die privaatsektor te praktiseer, en ook om pligsgetrou een dag per week 'n sessie te doen in Tygerberghospitaal waar studente en pasiënte nog vir die volgende tien jaar gebaat het uit sy breë kennis en ryke ervaring.

Dr Pierre Bredenkamp. Dr Pierre Bredenkamp, resident housemaster of Hippokrates and co-ordinator of extended graduate programmes, lost his long battle with leukemia on 16 June 2006. He died in his quarters in Hippokrates, shortly after he was released from hospital. Pierre was extremely popular, especially amongst the students. This was reflected in their moving tributes after his death. "His involvement on the Tygerberg Campus was not limited to academic inputs only - he became intensely involved in the vicissitudes of the students on Campus. Even during his terminal illness, Dr Bredenkamp never complained and his focus remained with the students and their well-being," they wrote. His funeral service was held in the student centre on the Tygerberg Campus.

The Faculty shares in the loss of his wife, Karen and their two young sons, Jean and Pierre-Louis.

Mr William de Lilly - Barely two weeks after the death of Pierre, two popular members of Campus Security died in a tragic traffic accident on their way to work.

Mr William de Lilly, who has manned the security desk in the foyer of the Clinical building since June 1998, was a well-loved and highly regarded member of our staff - so much so that the Faculty was overwhelmed with tributes and flowers that streamed in when his death became known. With his kind and friendly disposition and inherent courtesy, the Faculty could not have had a better 'ambassador' at the reception desk where visitors signed in. At the same time, he had a friendly word for everyone and knew virtually all the staff by name. The Faculty has truly missed him. William left his wife, three grown children and their families.

Mr Lukas Nieuwenhuizen - With William in the car, on the day of the fatal accident, was Mr Lukas Nieuwenhuizen, who worked in the Faculty's animal facility for more than 30 years before his retirement. Mr Theuns Zuurmond, who worked with Lukas in the animal facility, remembers him as a person with an exceptional ability to work with animals. He also became an extemely efficient assistant during operations - so much so that he was an indispensable member of the clinical team. Despite a brief illness after his retirement, Lukas returned to the Faculty and joined the security staff. He worked mainly at the Kerkenberg hostel, where he became a popular personality amongst the students. Lukas leaves his wife, six children and six grandchildren.

Ms Vuyelwa (Vu) Nkomo - At the end of June 2006, a promising 6th year medical student, Ms Vuyelma Nkomo, died in an accident during the winter holidays. Her death was not only a sad loss for the University and the medical profession in South Africa, but also for her two younger sisters for whom she was the primary caretaker. The Faculty and student body will rember Vuyelwa but we also think of her siblings with sadness and compassion.

Mnr Dirk Cornelis (Nelis) Swart, wat vir meer as 30 jaar aan die US verbonde was, is op 25 Julie 2006, op die ouderdom van 63, onverwags tuis oorlede.

Weens sy jarelange betrokkenheid by sport op die hoofkampus sowel as die Tygerbergkampus, en as inwonende hoof van Hippokrates vir tien jaar, was Nelis aan duisende oud-Maties landwyd bekend.

Nelis het op Stellenbosch skool gegaan en sy BA-graad aan die US behaal. Hy het as student reeds by Matie-atletiek betrokke geraak en daardie betrokkenheid het voortgeduur nadat hy aangestel is as administratiewe beampte in die US se kursusafdeling, en later ook toe hy by Akademiese Administrasie op die Tygerbergkampus aangestel is. Hy was vir bykans agt jaar die US se atletiekorganiseerder, en het tientalle toekennings van atletiekorganisasies in die Wes-Kaap ontvang. Op die Tygerbergkampus, was Nelis vir 'n dekade lank 'n gewilde inwonende hoof van Hippokrates. In 2003 het hy, op aandrang van die studente, erekleure vir diens van die Tygerbergse Studenteraad ontvang - 'n rare toekenning wat personeel selde te beurt val. Nelis het in 2004 afgetree, maar hy tot 2005 as koshuishoof van Hippokrates aangebly. Hy laat sy eg-genote, Elize, en drie seuns agter.